# PERSOONLIKE INLIGTING-PRIVAATHEIDSBELEID

| | |
|---|---|
| **Verwysingsnommer** | 1P_1.1.12 |
| **Verantwoordelike uitvoerende bestuurder** | Registrateur |
| **Beleideienaar** | Registrateur |
| **Verantwoordelike afdeling** | Korporatiewe en Inligtingsbestuursdienste |
| **Status** | Goedgekeur |
| **Goedgekeur deur** | Raad |
| **Datum van goedkeuring** | 17 Junie 2021 |
| **Hersieningsdatum** | Junie 2025 |

*Kantoor van die Registrateur*

# PERSOONLIKE INLIGTING-PRIVAATHEIDSBELEID

## Aanhef

Teen die agtergrond van die droom om 'n internasionaal erkende universiteit in Afrika te wees, wat bekend is vir sy wetenskapsbeoefening, maatskaplike responsiwiteit en 'n sorgsaamheidsetiek, het die Raad van die Noordwes-Universiteit (NWU) hierdie Beleid op 17 Junie 2021 aanvaar.

## 1 Vertolking en toepassing

Hierdie Beleid moet vertolk en toegepas word op 'n wyse wat strook met die –

1.1 Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996;

1.2 Wet op Hoër Onderwys, 101 van 1997;

1.3 Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, 4 van 2013 ("WBPI")

1.4 Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2 van 2000 ("WBTI")

1.5 Statuut van die Noordwes-Universiteit ("die Statuut")

1.6 King IV-verslag oor Goeie Korporatiewe Bestuur in Suid-Afrika;

1.7 POPIA Industrie Gedragskode: Openbare Universiteite (aanvaar deur die Raad van Universiteite Suid-Afrika as riglyne op 24 Junie 2020);

1.8 Inligtingsbestuursraamwerk van die NWU;

1.9 Navorsingsetiekbeleid van die NWU; en

1.10 alle ander toepaslike beleide van die NWU.

## 2 Begripsomskrywings

In hierdie beleid, tensy dit uit die samehang anders blyk –

verwys **"outomatiese wyse"** na verwerking wat deur 'n rekenaar gedoen word;

verwys **"toestemming"** na enige vrywillige, spesifieke en ingeligte wilsuitdrukking ingevolge waarvan toestemming gegee word vir die verwerking van persoonlike inligting;

verwys **"datasubjek"** na die persoon op wie persoonlike inligting betrekking het, insluitende –

- voornemende studente;
- studenteaansoekers;
- alle geregistreerde studente;
- uitruilstudente;
- postdoktorale genote;
- alumni;
- alle NWU-werknemers;
- kandidate vir indiensneming;
- eksterne lede van komitees;
- navorsers;
- navorsingsdeelnemers;
- outeurs;
- Raadslede;
- diensverskaffers, verskaffers, onafhanklike kontrakteurs;
- vennootorganisasies;
- filiale;

- donateurs en befondsers;
- besoekers;
- lede van die publiek;
- enige ander NWU-belanghebber, waar persoonlike inligting ingesamel, verwerk of weggedoen word; en
- enige ander individu met wie die NWU van tyd tot tyd interaksie het, ongeag of sodanige persoon ’n natuurlike of regspersoon is;

beteken **“deïdentifiseer”** met betrekking tot persoonlike inligting van ’n datasubjek die uitvee van inligting wat –

a) die datasubjek identifiseer;
b) deur ’n redelikerwys voorsienbare metode gebruik of gemanipuleer kan word om die datasubjek te identifiseer; of
c) deur ’n redelikerwys voorsienbare metode aan ander inligting gekoppel kan word wat ’n datasubjek identifiseer, en “gedeïdentifiseer” het ’n ooreenstemmende betekenis;

verwys **“liasseerstelsel”** na ’n gestruktureerde stel persoonlike inligting wat toeganklik is volgens spesifieke kriteria, hetsy gesentraliseer of gedesentraliseer, insluitende enigiets vanaf ’n fisieke lêer in ’n gealfabetiseerde liasseerkabinet tot meervoudige interverwante databasisse wat vanaf enige plek op aarde toeganklik is en wat komplekse soektognavrae kan hanteer;

beteken **“inligtingklassifikasie”** die proses om ’n toepaslike vlak van klassifikasie aan inligting toe te ken ten einde te verseker dat dit voldoende beskerm word;

verwys **“inligtingsbestuur”** na die sambreelkonsep wat gerig is op die bestuur van alle inligtingsbestuursaktiwiteite wat uitgevoer word om vir die NWU waarde uit inligting te verkry/verseker terwyl daar aan alle regulatoriese vereistes en internasionale beste praktyke voldoen word;

behels **“inligtingsbestuur”** die aktiwiteite en organisatoriese funksie wat nodig is vir die bestuur, beheer, en vernietiging van data in enige vorm, ongeag medium, oorsprong en gehalte;

beteken **“inligtingsbeampte”** die Visekanselier;

verwys **“Inligtingsreguleerder”** na die Reguleerder wat tot stand gebring is ingevolge artikel 39 van die WBPI;

verwys **“nie-outomatiese wyse”** na ’n liasseerstelsel anders as ’n rekenaartoeganklike databasis;

beteken **“NWU-werknemer”** ’n individu wat in enige hoedanigheid in die NWU se diens is, insluitende voltyds, deeltyds en vaste termyn;

beteken **“operateur”** ’n persoon wat ingevolge ’n kontrak of mandaat persoonlike inligting vir ’n verantwoordelike party verwerk, sonder om onder die direkte gesag van daardie party te staan;

beteken **“persoonlike inligting”** persoonlike inligting soos gedefinieer in artikel 1 van die WBPI;

beteken **“Beleid”** hierdie Persoonlike Inligting-privaatheidsbeleid;

is **“privaatheidsimpakassessering”** ’n gestruktureerde benadering vir die NWU om die privaatheidsrisiko's geassosieer met die verwerking van persoonlike inligting te verstaan en toepaslike stappe te doen om daardie risiko's te bestuur;

beteken **“verwerking”** verwerking soos gedefinieer in artikel 1 van die WBPI;

beteken **“spesiale persoonlike inligting”** spesiale persoonlike inligting soos gedefinieer in artikel 1 van die WBPI;

beteken **“student”** ’n student soos gedefinieer in paragraaf 1 van die Statuut.

## 3 Beleidsverklaring

Die Raad van die Noordwes-Universiteit beskou ’n behoorlike proses en raamwerk vir die bestuur van die beskerming van privaatheid en voorsiening van gerusstelling as van kardinale belang vir goeie korporatiewe bestuur en doeltreffende bestuur en administrasie van die Noordwes-Universiteit, en daarom is dit die beleid van die Noordwes-Universiteit om –

3.1 die vlak van beskerming van privaatheid van inligting binne die NWU te verhoog deur die NWU se benadering tot inligtingsbestuur, spesifiek privaatheid, met dié van die Inligtingsreguleerder te belyn;

3.2 ŉ omgewing tot stand te bring om die eenvormige en toepaslike implementering van die WBPI te verseker ter bevordering van goeie inligtings- en tegnologiebestuur en ten einde die NWU se strategiese doelwitte te bereik;

3.3 voorsiening te maak vir die verantwoordelike gebruik van persoonlike inligting binne die NWU.

# 4 Doel

Die doel van hierdie beleid is om *onder meer* die volgende te verseker:

4.1 *Dataminimering* – beperking van die hoeveelheid persoonlike inligting wat die NWU insamel en bewaar.

4.2 *Deursigtigheid* – openhartigheid en eerlikheid oor watter persoonlike inligting die NWU insamel en hoe dit gebruik word.

4.3 *Sekuriteit* – beskerming van die persoonlike inligting in besit van die NWU.

4.4 *Gebruiksbeperking* – sien toe dat die NWU persoonlike inligting slegs gebruik en bekendmaak wanneer dit nodig en wettig is.

4.5 *Privaatheidsregte* – help die NWU se datasubjekte om hul privaatheidsregte uit te oefen en in beheer te bly van hul persoonlike inligting.

# 5 Omvang van toepassing

Hierdie beleid is van toepassing op –

5.1 alle verwerking van persoonlike inligting deur "openbare hoëronderwysinstansies" soos gedefinieer in artikel 1 van die Wet op Hoër Onderwys, 101 van 1997;

5.2 alle NWU-werknemers en -studente wat toegang kry tot persoonlike inligting, dit gebruik of hanteer, of wat vrae of klagtes oor persoonlike inligting behartig as deel van hul NWU-verwante aktiwiteite;

5.3 enige individu wat persoonlike inligting aan die NWU bekendmaak, hetsy ŉ lid van die NWU-gemeenskap of enige lid van die publiek wêreldwyd;

5.4 persoonlike inligting wat deur die NWU ingesamel word in samehang met die dienste wat deur die Universiteit aangebied word, ongeag of die persoonlike inligting aflyn of aanlyn ingesamel word; en

5.5 persoonlike inligting wat vanaf operateurs se webwerwe of platforms ingesamel word.

# 6 Rolle, verantwoordelikhede en aanspreeklikheid

## 6.1 Inligtingsbeampte

6.1.1 Die Inligtingsbeampte van die NWU is die Visekanselier.

6.1.2 Die pligte en verantwoordelikhede van die inligtingsbeampte moet uitgevoer word in ooreenstemming met artikel 55 van die WBPI, en die aanwysing van adjunkinligtingsbeamptes en die delegering van pligte en verantwoordelikhede aan hulle moet uitgevoer word in ooreenstemming met artikel 56 van die WBPI en artikel 17 van die WBTI.

6.1.3 Die inligtingsbeampte moet geregistreer wees by die Inligtingsreguleerder.

6.1.4 Adjunkinligtingsbeamptes mag aangewys word om die inligtingsbeampte behulpsaam te wees met sy/haar take.

## 6.2 Die Komitee vir Korporatiewe Beheer van Inligtingstegnologie

Die Komitee vir Korporatiewe Bestuur van Inligtingstegnologie van die Raad moet die Raad van advies bedien oor sy statutêre korporatiewebestuursverantwoordelikheid ter bevordering van ŉ kultuur aan die NWU wat inligting op ŉ optimale wyse na waarde skat, beskerm en benut en wat uiteindelik sal lei tot die beskerming van die privaatheid van persoonlike inligting.

## 6.3 NWU-bestuurskomitee (UBK)

6.3.1 Op advies van die Inligtingsbestuurskomitee moet die UBK ŉ bestuursrol vervul met betrekking tot die beskerming van die privaatheid van persoonlike inligting in ooreenstemming met die riglyne van die Raad.

**6.3.2 Die UBK het die verpligting om –**

- ŉ koesterende kultuur te bevorder en die beskerming van die privaatheid van persoonlike inligting in besluitnemings- en besigheidsprosesse in te bed;
- prosedures en standaarde daar te stel ten einde voldoening aan NWU-beleide en -reëls te verseker;
- bewustheid te skep en nakoming te verseker van wetlike, regulatoriese en ander verpligtinge; en
- om die Komitee vir Korporatiewe Bestuur van Inligtingstegnologie ingelig te hou oor alle aangeleenthede met betrekking tot privaatheid van persoonlike inligting.

## 6.4 Inligtingsbestuurskomitee (IB-komitee)

Die IB-komitee, in ooreenstemming met die beginsels soos neergelê in die NWU se Inligtingsbestuursraamwerk, adviseer die UBK oor –

6.4.1 voldoening aan relevante internasionale en nasionale regulasies, wetgewing en direktiewe; en

6.4.2 die implementering van die NWU se Inligtingsbestuursraamwerk en die ontwikkeling van beleide en reëls wat voorsiening maak vir die implementering van die Raamwerk.

## 6.5 NWU-werknemers

6.5.1 Dag-tot-dag-verantwoordelikheid vir administrasie en voldoening aan hierdie raamwerk is die verantwoordelikheid van lynbestuurders, wat moet toesien dat werknemers -

6.5.1.1 aktief poog om die privaatheidsrisiko's, beheermaatreëls en verpligtinge rondom aktiwiteite m.b.t. die werkomgewing te verstaan;

6.5.1.2 help om ŉ kultuur van die beskerming van privaatheid van persoonlike inligting tot stand te bring;

6.5.1.3 aktiwiteite onderneem ter voldoening aan wetgewing en NWU-beleide en -prosedures;

6.5.1.4 nuwe risiko's, skendings en swakpunte van beheermaatreëls aan die relevante lynbestuurder rapporteer, en soos vereis ingevolge NWU-beleide.

6.5.2 Alle werknemers het die verantwoordelikheid om –

6.5.2.1 seker te maak dat hul persoonlike inligting voortdurend bygewerk word;

6.5.2.2 te hou by die relevante inligtingsbestuurstandaarde, -beleide en -prosedures; en

6.5.2.3 seker te maak dat hulle die WBPI-opleidings- en -bewusmakingsessies gereeld bywoon en sodanige opleiding minstens elke vier jaar herhaal.

6.5.3 Alle nuut aangestelde werknemers het die verantwoordelikheid om ŉ WBPI-opleidingsessie by te woon binne drie (3) maande nadat hulle in die NWU se diens getree het.

## 6.6 NWU-studente

Alle studente het ŉ verantwoordelikheid om –

6.6.1 persoonlike inligting en ander NWU-inligting te beskerm en te hou by die relevante inligtingsbestuurstandaarde, -beleide en -prosedures; en

6.6.2 seker te maak dat hul persoonlike inligting voortdurend bygewerk word.

## 6.7 NWU-Raadsrede en lede van Raadskomitees

Alle NWU-Raadslede en lede van Raadskomitees het ŉ verantwoordelikheid om persoonlike inligting wat van tyd tot tyd as deel van die verrigtinge van die Raad en sy komitees gedeel word te beskerm en vertroulik te hou.

## 7 Prosedures en riglyne

Die inligtingsbeampte mag prosedures en riglyne voorskryf wat tersaaklik is vir die implementering van hierdie beleid, insluitende vir –

7.1 insameling van inligting;

7.2 verwerking van inligting;

7.3 berging van inligting;

7.4 wegdoening van inligting;

7.5 anonimisering;

7.6 insidentbeplanning en -respons;

7.7 standaardbedryfsprosedures vir hoëvlak en operasionele privaatheidsimpakassesserings;

7.8 die tipes van persoonlike inligting wat die Universiteit moet insamel en in stand hou vir sy doeleindes.

## 8 Inligtingsverwerkingsvoorwaardes

Die voorwaardes wat die minimum drempelvereistes vir die wettige verwerking van persoonlike inligting deur die NWU voorskryf, word in artikel 4 en Deel A van Hoofstuk 3 van die WBPI bepaal.

## 9 Inligtingsklassifikasie

Die NWU moet –

9.1 ŉ raamwerk daarstel vir die klassifikasie van inligting vir die doeleindes van handhawing van die vereiste vlak van beskerming van persoonlike inligting;

9.2 persoonlike inligting van ander inligting onderskei wat belangrik is vir voldoening aan WBPI;

9.3 oor ŉ proses beskik om alle persoonlike inligting in sy besit te identifiseer en op rekord te hou;

9.4 persoonlike inligting van spesiale persoonlike inligting onderskei.

## 10 Bewaring van persoonlike inligting

10.1 Die NWU moet ŉ rekordbestuursbeleid toepas wat voorsiening maak vir ŉ lêerplan en beskikkingskedule wat die bewaring van persoonlike inligting en die wegdoening daarvan uiteensit.

10.2 Persoonlike inligting wat in ŉ elektroniese medium deur die NWU gestoor word, moet teen ongemagtigde toegang beskerm word deur ŉ wagwoordbestuurstelsel.

10.3 Persoonlike inligting in harde kopie (papiergebaseerd) moet in ŉ veilige stoorruimte gestoor word in die NWU-departement wat die inligting gebruik.

10.4 Die NWU mag nie ŉ datasubjek se persoonlike inligting langer bewaar as wat nodig is om die doel te bereik waarvoor die inligting ingesamel is nie, of soos bedoel in die NWU-lêerplan en beskikkingskedule, watter tydsraamwerk ook al die kortste is.

10.5 Indien dit om een of ander rede nie meer nodig is om persoonlike inligting te bewaar nie, moet die NWU redelike stappe doen om die inligting volgens goedgekeurde en gedokumenteerde prosedures te vernietig, uit te vee of te deïdentifiseer, en die data permanent onherwinbaar te maak.

## 11 Verifiëring of bywerk van persoonlike inligting uit ander bronne as die datasubjek

Die NWU mag die akkuraatheid van persoonlike inligting verifieer en sulke inligting bywerk deur die inligting te vergelyk met inligting wat in die openbare domein is.

## 12 Kennisgewing van inligtingsekuriteitskending

Die inligtingsbeampte moet ongemagtigde toegang tot, of verkryging van persoonlike inligting deur ŉ ongemagtigde persoon aanmeld by die Inligtingsreguleerder en by die datasubjekte en moet toesien dat daar rekord gehou word van sulke skendings.

## 13 Navorsingsaktiwiteite

13.1 Die NWU moet toesien dat sy navorsingsaktiwiteite aan die bepalings van die WBPI voldoen indien dit identifiseerbare persoonlike inligting behels.

13.2 Ten einde aan die WBPI te voldoen, moet die NWU –

- ŉ navorsingsdatabestuursprosedure opstel en implementeer;
- ŉ privaatheidsimpakassessering ontwikkel om navorsingsprojekte te identifiseer wat kritieke privaatheidsimplikasies vir navorsingsdeelnemers inhou;
- toesien dat sowel die navorsingsdatabestuursprosedure en privaatheidsimpakassessering geïmplementeer word via bestaande navorsingsetiekgoedkeuringsprosesse;
- toesien dat alle hoofnavorsers gesertifiseerde opleiding in navorsingsdatabestuur en -privaatheid voltooi; en
- toesien dat ander navorsers bewusmakingsopleiding in navorsingsdatabestuur en -privaatheid voltooi.

13.3 In soverre die WBPI uitsonderings met betrekking tot die bewaring, kennisgewing en verwerking van persoonlike inligting toelaat vir navorsingsdoeleindes, moet die NWU sulke uitsonderings reguleer in sy navorsingsdatabestuursbeleid en stel prosedures.

## 14 Die deel van inligting met derde partye

14.1 Die NWU moet redelike stappe doen om te verseker dat persoonlike inligting nie aan derde partye bekendgemaak word nie, behalwe in sekere omstandighede, insluitende waar -

14.1.1 daar wetlike regverdiging bestaan vir die bekendmaking van die inligting;

14.1.2 die individu ingestem het tot die bekendmaking;

14.1.3 die bekendmaking van die inligting ŉ voorwaarde is van ŉ student se borgskap of inskrywing;

14.1.4 die NWU deur die wet of regulatoriese vereistes gemagtig of verplig word om die inligting bekend te maak;

14.1.5 die NWU kontraktueel verplig word om die inligting bekend te maak; of

14.1.6 die inligting aan ŉ derde party verskaf word wat dienste aan die NWU lewer ingevolge sy kernfunksie, in welke geval die NWU sal toesien dat die diensverskaffer instem om die vertroulikheid van persoonlike inligting te handhaaf (ŉ inligtingsdelingsooreenkoms kan in hierdie gevalle opgestel word).

14.2 Die NWU moet wetlike vereistes en uitsonderings in ag neem rakende die deel van persoonlike inligting met derde partye waarvoor nie in die WBPI voorsiening gemaak word nie.

## 15 Oorgrensoordrag van inligting

Die NWU kan persoonlike inligting buite Suid-Afrika verskaf, onderhewig aan die beperkings waarvoor die Suid-Afrikaanse en buitelandse wetgewing voorsiening maak.

## 16 Direkte bemarking

16.1 Voornemende studente, geregistreerde studente, en alumni sal kan kies of hulle gekontak of verder betrek wil word met betrekking tot ŉ geleentheid;

16.2 Die datasubjek sal in daaropvolgende kommunikasie altyd die opsie hê om uit te teken.

## 17 Privaatheidsimpakassessering (PIA's)

Die NWU moet privaatheidsimpakassesserings en ŉ prosedure ontwikkel om te verseker dat die assesserings gedoen word.

## 18 E-posbestuur

Die NWU moet –

18.1 redelike stappe doen om te verseker dat sensitiewe persoonlike inligting nie per e-pos gestuur word nie; en

18.2 die gebruik van ʼn standaard-e-posvrywaring mandateer, vir gebruik in alle uitgaande e-posse vanaf die NWU.

## 19 Bewustheid en opleiding

Die NWU moet –

19.1 ʼn bewustheidsprogram en opleidingsprogram, -metodes en -prosedures ontwikkel en implementeer ten einde die WBPI-program te moniteer en in stand te hou;

19.2 toesien dat werknemers deurlopend bewus gemaak word van die regulasies, beleide en prosedures; en

19.3 toesien dat alle werknemers verpligte WBPI-bewusmakingsopleidingsessies bywoon, soos bedoel in paragraaf 6.5.2.3 en 6.5.3 van hierdie beleid.